NG Kerk
Vrystaat

Erediens

# Geloofsbeleidenis

*ahv Die Groot Gebedeboek p414*

## AHV DIE GROOT GEBEDEBOEK P414

"Ek glo in Jesus Christus,
nie in 'n halfgod of 'n halfmens nie,
maar in die ewige Seun van die ewige Vader
wat uit louter liefde die hemel geskeur het,
om 'n mens te word,
wat kon lag en ly, wat kon twyfel en vrees
– een van ons.

Ek glo dat Hy te midde van die haat,
die koue en die verskrikking
as 'n weerlose Kind gekom het
– ter wille van die weerloses en die kinders.

Ek glo dat die eindelose opstand
teen God en die goeie
die enigste Mens wat God en goed was,
geoordeel en vermoor het
en dat die pyn en die godverlatenheid
van die hele wêreld
in sy sterwensroep gestol het.

Ek glo dat Hy uit die dood opgestaan het
en dat sy opstanding
die ewige teken is dat dinge anders kan wees;
dat die stryd tussen die lewe en die dood
finaal ten gunste van die lewe besleg is
en dat hierdie waarheid voortaan uitsig bied
in die mees uitsiglose omstandighede."

Gedeeltelik aangehaal uit die Groot Gebedeboek, bladsy 414 )
Soos aangehaal in www.leesrooster.co.za: Jesaja 02_1-5.doc van 28 November 2004